# DIE TAAL VAN KENNETH BAKKER

AMANDA BOTHA



Geonich-structure No 35 — Harry Tyler

KENNETH Bakker is 'n stem uit Afrika, en veral uit die Kaap, wat in 'n internasionale taal praat waaraan die moderne kunswêreld ver buite ons landsgrense gehoor gegee het. Hy is 'n see- en kuslandskapkunstenaar wat sy gegewe — die see, rotse en die kuslyn — meesterlik in vorm vereenvoudig het om 'n onderliggende, boeiende begrip en magiese aanvoeling vir die ritme en beweging van die see te skep.

Sy tema is die rotse en die geologiese eienskappe van die Kaapse kuslyn wat deur die warm Indiese



Geonich-structure No 30

Harry Tyler

Oseaan omspoel word. Sy inspirasie is die deining van die golwe en die breek van die branders op die kus. Vandaar die duidelik merkbare oppervlakvibrasie wat sy werk kenmerk.


Hy gebruik groot eenvoudige vorms met sagte rondings asook vloeiende smaller vorms wat die grotes horisontaal en vertikaal oorkruis om 'n baan vir die oog te skep. Sy tema en uitdrukkingsmedia is die abstrakte en sy skeppingswerk is die som van aaneensluitende vorme, kleure en strukture. Sy kleurpalet is uit die natuur geneem en gee 'n eie stelling van die wisselwerking van die natuur op die natuur, soos gesien in die konfrontasie van die see en die *landskap. Hier staan die mens en* die kunstenaar ook teenoor die natuur.

Die tekstuur en die oppervlakreliëf van die doek is vir Bakker belangrik. Om aan sy abstrakte uitdrukking trefkrag te gee, het hy tegniek verken. Hy het met sy taal en medium proefnemings gedoen om 'n uitdrukking en gehalte daar te stel waardeur sy idee tot uitvoering gebring en sy siening geprojekteer kan word.

Hy beklemtoon die tekstuur deur 'n plastiese materiaal te gebruik om fisieke reliëf en struktuur aan die oppervlak te gee. Hierin het hy 'n taal geformuleer wat gegrond is op 'n persoonlike visuele woordeskat van vorme en kleure. Om dit te bewerkstellig, het hy geleer om oor 'n lang tydperk gekonsentreerd op een onderwerp te werk. Deur harde werk en proefneming, strenge keuring en verwerping van die ongeskikte kon Bakker die taal van *sy reliëfvorms en rondinge uitbrei* en verdiep om 'n pretensielose suiwerheid en klaarheid in sy werk te vind en vas te lê. Sy werk staan as 'n voorbeeld van die mens se dieper indringing in en peiling van die misterieuse oppervlak-werkinge van die natuur — al kan dit dan nie verklaar word nie.

Om in dié doel te slaag, werk hy met projekterende vorms binne die skilderstuk om die effek van skaduwee en beweging in die holtes en die uitgeboude vorms te suggereer. So gee hy 'n eie karakter aan die mistiese kwaliteit van sy meditasie by die see en sy waarneming daarvan. So word sy werk 'n geestesondervinding van die konfrontasie van die mens en die natuur in 'n skepping van volkome tydloosheid.

Sy doeke — groot en klein, hoewel hy die groter doek verkies — dra almal die getuienis van dieselfde projeksie van die ondervinding van *die mens teenoor die natuur.* Dit is dié kwaliteit wat Kenneth Bakker se werk geldig maak as 'n skeppende uitdrukking — 'n kragtige stem in die wêreld van internasionale moderne kuns.



Geonich-structure No 34 Harry Tyler

Kenneth Bakker het om dié rede internasionale aandag op sy werk gevestig toe hy in 1963 die eerste Suid-Afrikaner geword het wat 'n ere-toekenning op die Sao Paulo Biennale verower het. Sedertdien is sy werk as verteenwoordigend van Suid-Afrikaanse kuns op die biennales van Venisië (1966) en weer Sao Paulo (1969) uitgestal.

Bakker kan beskou word as die belangrikste kunstenaar wat vandag in die Kaap werk. Hy is 'n Kapenaar van geboorte (12 Maart 1926) en werk sy hele lewe nog in dié omgewing met die Kaapse kuslyn as sy oorheersende tema. Hy het in die vroeë jare vyftig onder Georges de Leon en Erik Laubscher by die Contemporary School of Art in Kaapstad gestudeer.

Geruime tyd woon en werk hy in 'n houthuisie onder langs die Simonstadse kuslyn met die Indiese Oseaan voor hom. Die see self is sy voorstoep, waarvan hy dag in en dag uit die eb en die vloed dophou soos dit in die kuslyn kontoere sny — altyd wisselend, elke oomblik besig met 'n ander spel van vorme, lyne, kleure en strukture. Die erosie van die branders op die rotse skep vir hom 'n altyd veranderende patroon.


Hier langs die see, met sy soms spieëlgladde waters en dan weer donderende, onrustige branders wat op die land strand, tref jy Bakker die kunstenaar in sy eie wêreld aan. In 'n byna hipnotiese betowering verkeer hy hier met die natuur in 'n taal wat in sy werk gestalte vind. Hy leef saam met die see en die mag van die see as natuurkrag laat hom verby die goudgeel strande, dartelende seevoëls en romantiese vistas van die realistiese kunstenaar kyk.

Hy skakel die agtergrond-dekor uit om die see in sy bekorende en vreeswekkende grootheid en mag te herskep tot die gevoel van 'n mistiese natuurkrag, wat in sy erosie op die kuslyn sy eie betowerende vorms en komposisies skep.

Ure sit Bakker langs die water. Hy het reeds 'n intieme kennis van die invloed van die water op die rotsformasies. Hy probeer om hierdie natuurwerking in eenvoudige, simplistiese vorms te kristalliseer en om die fisieke vorm daarvan op doek in die vorm van 'n landskapskildery vas te lê.

Maar die werk is meer as net 'n fisieke reliëf — dit is die daarstelling van 'n psigiese ondervinding wat die toneel in die kunstenaar opwek. Dit is hierdie vorm wat in sy werk geabstraheer word en dit 'n geldige kunsskeppende uitdrukking maak.

Die werk van Kenneth Bakker besit 'n mistiese, boeiende kwaliteit, wat 'n mens se aandag eis. Met sy skeppingswerk trek hy jou op 'n byna onverklaarbare wyse aan. Dit dra die stempel van wêreldkuns.



Geo Structure 32 — Harry Tyler